higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

29 Oktober 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer jou DRUKSTUKKE volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui word is 'n riglyn wat jou help om die vraestel betyds te voltooi.
5. Die toegelate tyd vir hierdie vraestel sluit tyd vir drukwerk in.
6. Dit is jou verantwoordelikheid om gereeld jou werk te stoor (*save*) om te voorkom dat data wat reeds ingesleutel is verloor word indien daar 'n kragonderbreking is. GEEN ekstra tyd word toegelaat om verlore werk klaar te maak nie.
7. Indien daar 'n probleem met 'n rekenaar of drukker is, sal die toesighouer die nodige reëlings tref dat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal addisioneel toegelaat word.
8. EKSAMEN- en SENTRUMNOMMERS moet op die buiteblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf en die weergawe van die sagtewareprogram moet boaan die buiteblad aangedui word (bv. MS Office 2003).
9. Maak seker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMEN-NOMMER volgens die instruksie vertoon.
10. Geskrewe EKSAMENNOMMER is NIE aanvaarbaar nie.
11. Punte sal NIE vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n EKSAMENNOMMER toegeken word nie.
12. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.
13. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik wees. EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.
14. Elke antwoord moet op 'n aparte bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.
15. Speltoets ('spell check') mag gebruik word.
16. Jy mag GEEN leermateriaal (aantekeninge, handboeke of inligtingstukke) na die eksamenlokaal neem nie.
17. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is onlangs as die ambassadeur van die Eerste Dinge Eerste (EDE) veldtog van jou kollege verkies. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding in samewerking met die Departement van Gesondheid beplan om 'n bewusmakingsveldtog by jou kollege te hou. Die primêre doelwit van hierdie veldtog is om studente aan te moedig om deur hulle gedrag gesondheid na te jaag en aan te beveel dat hulle vir gereelde toetsing en sifting vir siektes soos MIV/VIGS, TB en kanker gaan. As EDE Ambassadeur, word jy gevra om 'n openbare kennisgewing saam te stel wat die belangstelling van die studente sal prikkel sodat hulle sal kom om ook deel van hierdie verdienstelike saak te wees.

Voltooi die opdragte hier onder.

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 **TYD: 20 MINUTE**

Berei 'n MS Word-dokument voor deur die gegewe inligting hier onder te gebruik. Gebruik die volgende instruksies as 'n riglyn om die dokumente voor te berei.

1.1 Skep 'n kopskrif met jou EKSAMENNOMMER, linksbelyn en VRAAG 1, regsbelyn, in hoofletters. (2)

1.2 Sleutel die dokument volgens die instruksies in. (6)

1.3 Gebruik lettertipe Arial grootte 12. (1)

1.4 Redigeer die opskrif sodat dit verskyn in Arial Black, grootte 16, bokas (1)

1.5 Sentreer en onderstreep die hoofopskrif. (2)

1.6 Verander die belyning van die hele dokument na vol justeer. (1)

1.7 Gebruik die kolomfunksie om die inligting in TWEE gelyke kolomme in te sleutel, soos aangedui is. (1)

1.8 Voeg in (*insert*) nommers en kollys soos aangedui is. (1)

1.9 Toets die hele dokument vir spelling (*spell-check*) en maak spelfoute reg. (1)

1.10 Gebruik bokas en onderkas, reël- en letterspasies soos dit in die dokument voorkom. (3)

1.11 Stoor die dokument as ACTIVATION volgens jou kollege se eksamen-regulasies.

1.12 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

Arial Black, grootte 16 B/K, sentreer, onderstreep

OOP UITNODIGING NA EERSTE DINGE EERSTE-PROGRAM

Eerste Dinge Eerste (EDE) is 'n program wat onder die Hoër Onderwys en Opleiding MIV/VIGS Program of HEAIDS bedryf word. Die primêre doelwit van EDE is om in instellings van hoër opleiding kennis oor oordraagbare en nie-oordraagbare siektes te verbreed en verkeerte inligting te elimineer. Ons kollege sal die eerste EDE-veldtog aanbied wat saam met Wêreld Vigs-dag sal val. Ek nooi dus graag al die studente om te kom en deel van hierdie verdienstelike saak te wees. Aan die einde van die dag, sal almal wat hier was:

Twee gelyke kolomme

1) 'n Groter insig oor doelstellings en doelwitte van die Eerste Ding Eerste-veldtog hê.

2) Verstaan hoekom Eerste Ding Eerste-program noodsaaklik en belangrik is.

3) Toegerus wees met feitelike inligting oor gesondheidsgevare wat besluitneming en gedrag wat gesondheid nastreef aanmoedig.
.

- Die belangrikheid van, en die noodsaaklikheid vir, toetsing en sifting op 'n gereelde basis.
- 'n Begrip van die feite rondom oorsake, simptome, behandeling en voorkomende maatreëls vir MIV, TB en SOI's demonstreer.
- Die rolle en verantwoordelikhede van eweknie opvoeders en eweknieë in EDE-program beter verstaan.

Voeg in Nommers en kollys

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 23 MINUTE**

2.1 Maak die dokument wat jy as ACTIVATION gestoor het oop en bring die volgende veranderinge aan:

2.2 Verander VRAAG 1 in die kopskrif na VRAAG 2. (1)

2.3 Verander die lettertipe van die eerste paragraaf wat begin met 'Eerste Ding Eerste...) na Courier New grootte 14. (1)

2.4 Voeg 'n bladsybreuk in op die plek wat aangedui is. (1)

2.5 Voeg in 'n geskikte afbeelding van knipkuns ('Clipart') om in die middel van die bladsy te verskyn. Jy kan enige toepaslike knipkuns van jou keuse gebruik. (1)

2.6 Herskaleer die wydte en hoogte van die afbeelding na 1,5”/ 3,75 cm. (1)

2.7 Voeg in die sin wat begin met "n Vriend met MIV.....' sodat dit onder die afbeelding verskyn en sentreer die sin. (2)

2.8 Redigeer die nuwe sin wat ingevoeg is na kursief en onderstreep. (2)

2.9 Gebruik die tabelfunksie om 'n tabel te skep en voeg teks in soos hier onder getoon word. (3)

2.10 Redigeer die kolomopskrifte sodat dit in Algerian, grootte 14 vertoon word. (2)

2.11 Voeg in Romeinse syfers vir die teks in die linkerkolom en 'n alfabetlys vir teks in die regterkolom, soos aangedui is. (2)

2.12 Pas liggrys arsering op die eerste kolom van die tabel toe. (1)

2.13 Voeg bladsynommers in, bo in die middel van elke bladsy. (1)

2.14 Gebruik die regte kas vir nuwe teks wat ingevoeg is. (1)

2.15 Stoor die dokument as ACTIVATION1 volgens jou kollege se eksamen-regulasies.

2.16 Druk die dokument en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

Kopiereg voorbehou

OOP UITNODIGING NA EERSTE DINGE EERSTE-PROGRAM

Eerste Dinge Eerste (EDE) is 'n program wat onder die Hoër Onderwys en Opleiding MIV/VIGS Program of HEAIDS bedryf word. Die primêre doelwit van EDE is om in instellings van hoër opleiding kennis oor oordraagbare en nie-oordraagbare siektes te verbreed en verkeerde inligting te elimineer. Ons kollege sal die eerste EDE-veldtog aanbied wat saam met Wêreld Vigs-dag sal val. Ek nooi dus graag al die studente om te kom en deel van hierdie verdienstelike saak. Aan die einde van die dag, sal almal wat hier was:

Courier new, grootte 14

1) 'n Groter insig oor doelstellings en doelwitte van die Eerste Ding Eerste-veldtog hê.

2) 'n Groter insig oor doelstellings en doelwitte van die Eerste Ding Eerste-veldtog hê.

3) Toegerus wees met feitelike inligting oor gesondheidsgevare wat besluitneming en gedrag wat gesondheid nastreef aanmoedig.

Voeg in bladsybreuk

- Die belangrikheid van, en die noodsaaklikheid vir, toetsing en sifting op 'n gereelde basis.
- 'n Begrip van die feite rondom oorsake, simptome, behandeling en voorkomende maatreëls vir MIV, TB en SOI's demonstreer.
- Die rolle en verantwoordelikhede van eweknie opvoeders en eweknieë in EDE-program beter verstaan.

Kopiereg voorbehou



Geskikte afbeelding
Herskaleer 1.,5"/ 3,75cm

Sin ingevoeg, sentreer, kursief en onderstreep

'n Vriend met MIV is steeds my vriend

WAT IS DIE SIMPTOME VAN TB?	HOE OM TE VOORKOM DAT TB VERSPREI?
i. Koors	A. Was jou hande nadat jy genies het
ii. Borspyn	B. Bedek jou hande wanneer jy hoes
ii. Gewigsverlies	C. Ventileer jou kamer gereeld

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

NCW

AFDELING B (SIGBLAD)

VRAAG 3 **TYD: 10 MINUTE**

3.1 Gebruik MS Excel om 'n sigblad te skep, gebruik die gegewe inligting hier onder. Moenie die reël- en kolomopskrifte (rande) insleutel nie. Dit is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik moet word. Jy sal gepenaliseer word indien die verkeerde seladresse gebruik is. (4)

3.2 Voeg 'n voetskrif met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 3 regsbelyn in. (1)

3.3 Gebruik die font Arial grootte 11. (1)

3.4 Verstel die kolomwydte sodat die inhoud inpas soos aangedui is. (1)

3.5 Stoor die sigblad as ACTIVATION2 volgens jou kollege se eksamen-regulasies.

3.6 Druk die sigblad sonder reël- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

	A	B	C	D	E	F
1	EERSTE DINGE EERSTE BORGSKAP					
2	NAAM VAN BORG	VER. NO.	GESLAG	INKOMSTE	UITGAWES	SPAAR PLAN
3	Abrahams T	01994	Manlik	150200	3900	60
4	White NN	31990	Manlik	112800	4370	60
5	Keen ZN	51984	Vroulik	515000	9780	60
6	Brown KL	41991	Vroulik	411500	7599	72
7	Rammabu X	21996	Vroulik	313000	6590	60
8	Clark SR	11988	Manlik	310850	5550	72

[8]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

4.1 Maak die sigblad wat jy in VRAAG 3 geskep het oop en bring die volgende veranderinge aan: (3)

4.2 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.3 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na Elephant, grootte 16. (2)

4.4 Voeg saam en sentreer (*Merge and centre*) die hoofopskrif oor kolomme A−H. (1)

4.5 Voeg nuwe kolomme en nuwe reëls in soos aangedui is. (2)

4.6 Redigeer die kolomopskrifte na kursief en linksbelyn. (1)

4.7 Voorsien formules waar die letters van die alfabet verskyn om die volgende berekeninge te doen: (5)

A RENTE = INKOMSTE vermenigvuldig met 10, 5%.

B TOTALE SPAAR= INKOMSTE minus UITGAWES plus RENTE

C HOOGSTE RENTE = Bereken die maksimum bedrag van alle rente verdien.

D LAAGSTE INKOMSTE= Bereken die minimum bedrag van die laagste INKOMSTE.

E SOM VAN TOTALE SPAAR = Bereken die som van alle spaar totale.

4.8 Vertoon syfers in KOLOMME D, E, G en H in Suid-Afrikaanse geldeenheid met twee desimale plekke. (1)

4.9 Voeg horisontale en vertikale lyne in soos aangedui is. (1)

4.10 Stoor die sigblad as ACTIVATION3 volgens jou kollege se eksamen-regulasies.

4.11 Druk die sigblad SONDER reël- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[18]

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	**EERSTE DINGE EERSTE BORGSKAP**							
2	*NAAM VAN BORG*	*VER. NO.*	*GESLAG*	*INKOMSTE*	*UITGAWES*	*SPAAR PLAN*	*RENTE @ 10.5%*	*TOTALE SPAAR*
3	Abrahams T	01994	Manlik	150200	3900	60	**A**	**B**
4	White NN	31990	Manlik	112800	4370	60		
5	Keen ZN	51984	Vroulik	515000	9780	60		
6	Brown KL	41991	Vroulik	411500	7599	72		
7	Rammabu X	21996	Vroulik	313000	6590	60		
8	Clark SR	11988	Manlik	310850	5550	72		
9								
10	HOOGSTE RENTE						**C**	
11	LAAGSTE INKOMSTE			**D**				
12	SOM VAN TOTALE SPAAR							**E**

Elephant, grootte 16, saam en sentre

Kursief en linksbelyn

NCV

VRAAG 5 **TYD: 5 MINUTE**

Maak die sigblad wat jy in VRAAG 4 geredigeer het oop en volg die instruksies hier onder.

5.1 Verander VRAAG 4 na VRAAG 5. (1)

5.2 Vertoon die formules. (5)

5.3 Verander die kolomwydtes om alle formules ten volle te vertoon. (1)

5.4 Stoor die sigblad as ACTIVATION4 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.5 Druk die sigblad sonder reël- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[8]

VRAAG 6 **TYD: 8 MINUTE**

Maak die sigblad wat jy in VRAAG 4 geredigeer het oop en volg die instruksies hier onder.

6.1 Voeg 'n kolomgrafiek in om die INKOMSTE en UITGAWES te vergelyk. (1)

6.2 Voeg die volgende titel in, bo en gesentreer:

Jou eksamennommer
VRAAG 6 (1)

6.3 Voeg die volgende titels vir die X- en Y-as in:

X-as: NAME VAN BORGE
Y-as: BEDRAE (2)

6.4 Moenie sleutel vertoon nie. (1)

6.5 Stoor die sigblad as ACTIVATION5 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

6.6 Druk die grafiek op 'n aparte bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: VOORLEGGING (POWERPOINT)

VRAAG 7 **TYD: 24 MINUTE**

As die Ambassadeur van EDE in jou kollege, word verwag dat jy gedurende die EDE-veldtog 'n kort voorlegging sal aanbied. Jou voorlegging se fokus moet wees om studente aan te moedig om vir gereelde sifting en toetsing vir siektes soos MIV en TB te gaan.

Skep 'n skyfie-aanbieding met DRIE skyfies deur MS PowerPoint te gebruik.

7.1 Tik die inligting hier onder wat vir die skyfie-aanbieding gegee is. (18)

7.2 Voeg in op ALLE skyfies, jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 7. Gebruik enige metode waarmee jy bekend is. (1)

7.3 Waar geen spesifieke instruksies gegee word nie, kan jy kreatief wees met betrekking tot die grootte, belyning en font, maar inligting moet leesbaar wees.

7.4 Stoor die voorlegging as ACTIVATION6 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

7.5 Druk die skyfie-aanbieding as 'n INLIGTINGSTUK op EEN A4-bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Skyfie 1: Titel en Inhoud

VOORKOMING IS BETER AS GENESING!!!

(Voeg by as titel - Kleiner font as subtitel en in bokas)

…… KEN JOU STATUS……

(Voeg by as subtitel - font groter as titel, BK en vetdruk)

Skyfie 2: Twee -inhoud

(Verander die titel na B/K, regsbelyn en kursief)
HOEKOM IS DIT BELANGRIK OM VIR HIV TE TOETS?

Voeg in die volgende teks in TWEE gelyke kolomme.

Linksbelyn die volgende teks in die linkerkolom:
Vroeë kennis van status kan jou lewe verleng, beide negatiewe of positiewe toetsing.

Regsbelyn die volgende teks in die regterkolom:

Indien uitslag negatief is, sal jy ekstra versigtig wees en jou leefstyl verander. Indien uitslag positief is, gaan jy behandeling ontvang en ook jou leefstyl verander.

Skyfie 3: Titel en Inhoud

(Gebruik Cooper Black font om die titel en teks te vertoon)

(Sentreer en onderstreep Opskrif)

Gebruik ABCDE om MIV te beveg

- **Weerhou**
- **Wees getrou**
- **Gebruik kondoom**
- **Moenie dwelms gebruik**
- **Noodgevalle – bedek jou hande wanneer iemand wat jy help bloei**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou